5

# Die reg om inligting te ontvang,

## en die reg op gesondheid en gesondheidsorg

Toegang tot inligting



Toegang tot gesondheidsorg-dienste

Regverdige administratiewe optrede

Toegang tot geskikte behuising

Menswaardigheid, gelykheid en lewe

'n Gesonde omgewing

Basiese onderwys

Toegang tot maatskaplike sekerheid

Vryheid en sekerheid van die persoon

Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

laat jou regte vir jou werk

dit is werd om voor te veg

Staan bankvas en sterk

Goeie gesondheid is jou reg

CC BY NC SA

# Wat is die reg om inligting te ontvang?

Die reg om inligting te ontvang is jou reg om te weet.

## Hoekom behoort jy die reg te hê om te weet?

Wanneer jy weet wat jou regte is, kan jy daarvoor veg.
Wanneer jy weet wat jou regte is, kan jy dit met ander deel.
Wanneer ons weet wat ons regte is, kan ons almal saam daarvoor veg.

## Hoekom behoort jy inligting te kan kry?

Om inligting te kan kry is die eerste stap om menseregte in ons samelewing te laat werk.
Om inligting te kan kry is die eerste stap om die reg op gesondheid en gesondheidsorg in ons samelewing te laat werk.
Om inligting te kan kry is belangrik sodat mense aanspreeklik gehou kan word en alles deursigtig kan wees. Wanneer daar nie aanspreeklikheid en deursigtigheid is nie, kan konflik ontstaan en mense sal mekaar begin wantrou.

## Wat sê die Grondwet van Suid-Afrika oor jou reg om te weet en jou reg om inligting te kan kry?

Artikel 32 sê elke mens het die reg om enige inligting te ontvang wat:

- deur die regering gehou word.
- deur 'n ander persoon gehou word.
- nodig is om enige regte te kan uitleef of beskerm.

Die Handves van Regte dwing die regering om in hierdie reg te voorsien. Dit maak seker dat daar goeie maatreëls is sodat die regering nie soveel administratiewe en finansiële laste dra nie.

*Deursigtigheid beteken iets is openlik bekend. In 'n demokrasie het jy die reg om vrae oor die beleid en besluite van die regering te vra.*

*Aanspreeklikheid beteken individue, organisasies, die regering en die gemeenskap aanvaar verantwoordelikheid vir hulle dade, en kan (en moet) dit aan ander verduidelik.*



# Watter wetgewing gaan oor jou reg om te weet en jou reg om inligting te kan kry?



### Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, no. 2 van 2000, het die doel om:

- te sorg dat daar deursigtigheid en aanspreeklikheid is in die openbare én die privaat sektor;
- aan jou maniere te voorsien waarop jy inligting in die hande kan verkry; en
- 'n balans te handhaaf tussen jou die reg om inligting te kan kry en die reg om inligting vertroulik en privaat te hou.

### Die Wet op Beskermde Openbaarmakings, no. 26 van 2000, moedig mense aan om:

- te sê wanneer hulle bekommerd is – om misdrywe in die werkplek, soos finansiële oneerlikheid, medisyne wat gesteel word, diskriminasie teenoor pasiënte of onregverdige afdanking, bekend te maak;
- te help seker maak dat organisasies misdrywe hanteer; en
- te help seker maak dat organisasies die versoeking weerstaan om misdrywe toe te smeer.

### Die Nasionale Gesondheidswet, no. 61 van 2006, help die regering om

- die reg op gesondheid en gesondheidsorg in mense se lewe 'n werklikheid te maak.

## Wat sê die Nasionale Gesondheidswet oor jou reg om te weet en jou reg om inligting te kan kry?

### Die Nasionale Gesondheidswet sê:

1. Die mense wat na jou gesondheid omsien, moet sover moontlik in 'n verstaanbare taal en op 'n verstaanbare manier met jou as pasiënt praat en vir jou alles verduidelik.

2. Jy het die reg om inligting oor gesondheidsdienste te kry. Dit wil sê jy het die reg om te weet:

- watter soort gesondheidsdienste beskikbaar is en waar jy dit kan ontvang;
- hoe die gesondheidsdienste georganiseer word;
- wat die werkskedules en besoektye van die fasiliteit is waar die gesondheidsdienste aangebied word;
- hoe jy toegang tot gesondheidsdienste kan kry;
- hoe jy klagtes kan indien; en
- wat die regte en pligte is van die plekke waar die gesondheidsorg aangebied word, van die gesondheidswerkers én van die pasiënte.

3. Jy het die reg op inligting oor die behandeling wat jy ontvang. Dit wil sê, jy het die reg om:

- inligting te kry oor jou gesondheid en hoe jy behandel kan word;
- te weier dat jy behandel word;
- al die nodige inligting te kry voordat die plek of persoon wat na jou gesondheid omsien jou toestemming vra dat jy behandel of versorg kan word;
- saam besluite te neem oor jou versorging;
- 'n geskrewe verslag te kry van die plek waar daar na jou gesondheid omgesien is wanneer jy ontslaan word;
- jou persoonlike inligting te ontvang; en
- seker te wees jou mediese inligting word vertroulik hanteer.




laat jou regte vir jou werk
dit is werd voor te veg
Staan bankvas en sterk
Goeie gesondheid is jou reg

cc BY NC SA

Kontakbesonderhede vir meer inligting:

**The People's Health Movement**
Tel.: 021 9326042
Faks: 021 9327707
Url: www.phmovementsa.org
E-pos: PHMsouthafrica@gmail.com

**Open Democracy Advice Centre**
Fisiese Adres: 6 Spin straat, Kaapstad
Tel.: +27 21 467 5673
Faks: +27 21 461 2814
E-pos: odac@opendemocracy.org.za

1. Die reg op gesondheid
2. Gemeenskapsbetrokkenheid en die reg op gesondheid
3. Die Handves van Pasiënteregte
4. Individuele en gesamentlike regte in openbare gesondheid
5. **Toegang tot inligting, en die reg op gesondheid en gesondheidsorg**
6. Regte en hulpbrontoekenning

People's Health Movement

UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Oxfam

Ontwerp en uitleg deur Designs4development, e-pos: info@d4d.co.za